# Resensies / Reviews


Duffey, A.E. 2008. **Anton van Wouw: the smaller works.** Pretoria: Protea Book House. (*R. Swanepoel*) ..... 349

Van der Walt, B.J. 2008. **The eye is the lamp of the body: worldviews and their impact.** Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. (*R. Coletto*) ..... 352

Lategan, Laetus O.K. 2008. **An introduction to postgraduate supervision.** Stellenbosch: African Sun Media. (*E. Nealer*) ..... 354

Chown, Steven L. & Froneman, Pierre W., *eds.* 2008. **The Prince Edward Islands: land-sea interactions in a changing ecosystem.** Stellenbosch: African Sun Media. (*L. du Preez*) ..... 356

Maartens, Maretha, *samest*. 2006. **Deur trauma, boek 5.** Pretoria: LAPA Uitgewers. (*J-A. van den Berg*) ..... 357

Le Roux, Mariël. 2007. **Wilhelmina: kampkind op Java.** Pretoria: Protea Boekhuis. (*R. Groenewald*) ..... 359


**Boekaankondiging**


Boer, Jan H. 2003-2008. **Studies in Christian-Muslim relations. Vol. 1-6.** Bellville, Ontario: Essence Publications. (*B.J. van der Walt*) ..... 362

## Resensies / Reviews

# Anton van Wouw – ’n kenner aan die woord

**Duffey, A.E.** 2008. **Anton van Wouw: the smaller works.**
Pretoria: Protea Book House. 240 p. Prys: R400,00.
ISBN: 978-1-86919-081-1.

**Resensent**: R. Swanepoel
Departement Kunsgeskiedenis,
Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Die skrywer, professor Alex Duffy van die Universiteit van Pretoria, neem met hierdie boek die leser op ’n reis deur die lewe en werk van die beeldhouer Anton van Wouw (1862-1945), wat algemeen bekend staan as die vader van beeldhoukuns in Suid-Afrika. In dié proses reis ons deur Suid-Afrika gedurende kolonialisme in die eerste helfte van die twintigste eeu soos gesien deur die oë en werke van Van Wouw. Van Wouw is in Driebergen, Nederland gebore en het in 1890 op 28-jarige ouderdom na Suid-Afrika gekom. Hy was, interessant genoeg, ook die peetpa van Pierneef.

Duffy laat die klem val op Van Wouw se beeldhouwerke op kleiner skaal. Hy merk tereg op dat dit juis in hierdie kleiner werke is wat Van Wouw se virtuositeit as beeldhouer tot sy reg kom, eerder as sy groter en monumentale werke. Die rede hiervoor is dat hierdie kleiner werke hoofsaaklik nie opdragwerke is nie en Van Wouw sy eie artistieke stempel kon afdruk, omdat daar nie voorskrifte van opdraggewers was wat hy noodwendig moes volg nie.

Duffy verdeel hierdie kleiner werke in ses groeperings. Die eerste groep bestaan uit klein volfiguurwerke van historiese figure uit sowel

die Afrikaner- as Engelse gemeenskappe van die mense van sy leeftyd. Die tweede groep is studies van mense uit die swart bevolkingsgroepe van Suid-Afrika. Vrystaande beelde vorm die derde groep, terwyl kleiner borsbeelde van politici, digters en skrywers, asook ander figure in die vierde groep ressorteer. In die vyfde groep plaas Duffy al die skaalmodelwerke wat Van Wouw vir sy groter monumente gemaak het. Die laaste groepering sluit kleiner vlakreliëfbeelde en -panele in. Die orde waarin Duffy die werke groepeer, bied ’n logiese volgorde en is ruim genoeg gedefinieer om al die werke in te sluit. In hierdie groeperings sluit Duffy nie net bekende werke soos *Kruger in ballingskap, Die verkenner, Die boesmanjagter, Die daggaroker* en *Noitjie van die onderveld* in nie, maar ook werke soos byvoorbeeld *Myner met ’n hamerboor* en verskeie borsbeelde van onbekender figure, asook skaalmodelle vir sommige van sy grootskaalwerke. Baie van die kleiner beeldhoustukke wat nog nie voorheen in werke oor Van Wouw opgeneem is nie, is in hierdie boek opgeneem. Duffy doen moeite om die werke in detail te beskryf en te bespreek. Van Wouw was by uitstek ’n realis maar in die gees van ’n Rembrandt is hy ’n karakteruitbeelder by uitstek. Van Wouw het hom nie net toegespits op nasionale helde en bekende figure nie, maar ook die sogenaamde onbelangrikes het ’n plek in sy oeuvre gekry. Hierdie punt word goed in Duffy se boek belig.

Die sterk eienskap van die boek is die kykie wat ons via die werke nie net op Van Wouw se werk kry nie, maar ook op die geskiedenis van die Afrikaner gedurende kolonialisme. Dit is juis tydens die Anglo-Boereoorlog en die Eerste Wêreldoorlog wat Van Wouw tyd gehad het om aandag aan tegniese afronding te skenk. Die treffendste werke van Van Wouw is waarskynlik in die tweede groepering waar hy op die uitbeelding van swart mense fokus, juis vanweë die kragtige karakteruitbeeldings.

Duffy se keuse van foto’s – dikwels is meer as een foto van ’n werk vanuit verskillende hoeke afgeneem – is nuttig en goed geplaas. Deur middel van die foto’s word die beelde vanuit verskillende perspektiefhoeke belig en bied dit ’n ondersteuning vir die bespreking van die werke. Daar is ook heelwat geskiedkundige foto’s. Afgesien van foto’s is daar ook argivariese materiaal om insig te bied in die omstandighede waaronder Van Wouw die werke geskep het.

Die boek getuig van deeglike navorsing. Die skrywer slaag daarin om hierdie navorsing in ’n gemaklike, onderhoudende en lesersvriendelike skryfstyl en taalgebruik weer te gee. Dit is ’n meervlakkige boek en daarom hoogs aan te beveel. Afgesien van die in-

herente artistieke waarde van Van Wouw se kleiner werke, bied hulle ook ’n historiese perspektief van die sosio-ekonomiese en kulturele omstandighede van Suid-Afrika gedurende sy leeftyd. Duffy slaag daarin om Van Wouw se verhaal binne die groter konteks te vertel en op ’n interessante wyse te belig. Hierdie is met ander woorde nie ’n boek net vir kunsgeskiedkundiges nie, maar dit bied ook interessante en leersame leesstof vir diegene met ’n historiese en wyer kulturele belangstelling in die mense van Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die twingtigste eeu.

Die boek bied ’n woord op sy tyd. Van Wouw is in die besonder bekend vir sy standbeelde en monumentale werke. Die bekendstes hiervan is seker die standbeeld van Paul Kruger op kerkplein in Pretoria en die Vrouemonument in Bloemfontein. Indien hierdie kleiner werke – veral die minder bekendes – nie opgeteken word nie, staan dit ’n kans om vir die nageslag verlore te gaan.

In aansluiting by die boek kan belangstellende lesers gerus ook die volgende twee boeke oor Van Wouw lees: Duffy se boek (katalogus), *Anton van Wouw, 1862-1945 en die Van Wouwhuis* wat in 1981 verskyn het. Die ander boek is ’n biografie van Van Wouw, geskryf deur die kurator van die Van Wouwhuis, Joey Ernst, wat in 2006 verskyn het.

*Anton van Wouw: the smaller works* is keurig uitgegee in ’n handige formaat. Duffy word gereken as een van die prominente kenners op die werk van Anton van Wouw, Frans Oerder en ander pionierkunstenaars van Suid-Afrika. Hierdie boek lewer getuienis daarvan. Versamelaars van Van Wouw se kleiner werke sal hierdie boek uiters handig vind.

# Worldviews and their impact

**Van der Walt, B.J.** 2008. **The eye is the lamp of the body: worldviews and their impact.** Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. 304 p. Price: R120,00. ISBN: 978-1-86822-555-2.

**Reviewer**: R. Coletto
School of Philosophy, Potchefstroom Campus, North-West University

During his long career Prof. Bennie van der Walt has written extensively on worldviews and belongs to a circle of philosophers sometimes labelled as the "worldview movement" within reformational philosophy. His point of view is therefore a Christian and a reformational one, connected in particular to the tradition of D.H. Th. Vollenhoven. Given this premise, one might expect to find in this book the sort of abstruse and highly technical speculations that are sometimes delivered by philosophers. On the contrary, the author has once again managed to simplify and make accessible to the reader without solid philosophical education nine essays constituting relevant reflections on equally relevant themes. Students in various fields and amateurs of philosophical literature are thus the readers to whom the book may be especially recommended.

Of course this strategy (i.e. writing in an accessible style) may invite the criticism of those who look down at "popular" literature. My conviction is that it is easier to obscure and complicate a topic than to "open it up" for the average reader, make it interesting and instil love for a specific discussion. The simple truth is that the author has attracted to reformational thinking a crowd of students from all over the world, thus performing a task that would never have been accomplished through "heavy-weight" literature.

That the opinions of the author are well-informed can be easily derived even from a quick look at the bibliographies. The author interacts with a large variety of the best Christian contributions on the topics he discusses, including the most recent ones but stretching back to the beginning of the twentieth century. The third chapter of the book has, for example, a bibliography of 94 titles, starting from a source (J. Bavinck) dating back to 1913. The constant aim and attitude of the author is to accompany his readers to a discovery of the treasures of the reformational tradition.

The book is divided in two sections: the first one explains what worldviews are and how they function, the second one "applies" this worldview-theory to a few specific case studies. It is the second section, in my opinion, which is the most interesting and new. Of course the first section is a necessary introduction to the nature and role of worldviews, but I find particularly interesting the chapters about Desmond Tutu's views, about the Institute for Reformational Studies, and about a "forgotten father" of reformational thinking in the Netherlands: Antheunis Janse van Biggekerke (1890-1960). These chapters are in the second section of the book.

The second section also contains a chapter asking the question whether the traditional African worldview may be counted as one of the reasons for the economic poverty of the continent. This chapter, together with the two ones on Archbishop Tutu, make the book especially relevant to the (South) African reader, but also to European or American readers who wish to get more acquainted with African Christianity. The chapters on the Istitute for Reformational Studies (active from 1962 to 1999 at the Potchefstroom University for CHE), and on A. Janse van Biggekerke are recommended especially to whoever would like to learn more about the reformational tradition and its history, both in South Africa and overseas.

Even when the author is busy with such "archaeological" diggings, the main focus of the book remains, however, the present and the future. The "discovery" of Janse van Biggekerke, for example, interrogates the present of the reformational family. Why a "forgotten" pioneer? Why was his contribution not valued as it deserved? By examining the history of the IRS, the author asks questions about the spiritual and worldviewish climate of present-day Christianity in South Africa. Why was the IRS closed after more than 35 years of successful service? Are we facing a "privatisation" of our faith, leading to public irrelevance? What can be learnt from this experience? What are the possible strategies for the future organisation of Christian institutions? From what dangers should committed Christians guard themselves in the present?

During the twentieth century several philosophers of science have argued that we are the captives of our presuppositional frameworks. Not only Feyerabend but even Kuhn and Polanyi in certain occasions argued that different worldviews, paradigms or "frameworks" cannot be compared or even discussed. In fact, we can only argue "from within" a certain framework. This book is a discussion of and about worldviews, their nature, their roles, their consequences for

practical life. In this sense, this book is also a challenge to post-modern relativism, also within Christian circles.

# Postgraduate supervision

**Lategan, Laetus O.K.** 2008. **An introduction to postgraduate supervision.** Stellenbosch: African Sun Media. 139 p.
ISBN: 978-1-920109-49-3.

**Reviewer**: E. Nealer (emeritus)
School for Social and Government Studies,
Potchefstroom Campus, North-West University

This book is a basic introductory guide on the nature and extent of the supervision of postgraduate studies at a tertiary institution in South Africa. Many books on this topic have been published and are presently available. However, the mere fact that the author through his research and years of professional experience and guidance of postgraduate students, has not found the ultimate guiding book on professional and effective postgraduate guidance and still deemed it necessary to publish another, suggests that there is still a real need for a more practice oriented book at all universities.

The first two themes in the book start with the "big picture" regarding the need for more effective and efficient postgraduate supervision before it settles down on the supervisory relationships between capable postgraduate supervisors and promoters and eager but inexperienced students as "academic researchers *par excellence*".

It is clear that the ten contributors to the book are experienced and knowledgeable about the real dynamics that manifest in the very diverse and usually highly complex academic environment of post-graduate guidance at a university. This they proved by identifying and presenting very useful practical tips on various issues and challenges throughout the book for the guiding supervisors and promoters as well as the studying and researching postgraduate students.

The next section of the book focuses on the compilation of an effective research proposal needed for approval and registration of an attainable research topic and inculcating some more effective writing and research methodological skills in the process. Some very

handy tips are subsequently presented to foster more effective and efficient contact sessions and research initiatives between the postgraduate guides and followers.

The book then highlights the nature and extent of the assessment process of the finally presented dissertation/thesis and again gives very valid, practical and useful tips to be applied when being tasked with the examining of such a final product. Lastly there is a very handy and informative theme regarding project management as an add-on.

Some critique which can be aired is that the different themes and individual contributions could have been presented in a more combined and procedural order to prevent the reader from unexpectedly having to rotate between the position of student to supervisor/promoter at various intervals. Most of the secondary parts of the themes are also not linked to each other with the magic "golden thread" and conclusive and introductory sentences. This unfortunately might lead to difficult reading or even to "loosing the novice reader" along the way.

One can conclude that academics, and postgraduate supervisors, promoters and students of academic writing and research methodology in the social sciences and the humanities, should find this introductory guide to postgraduate supervision very valuable in their quest for more knowledge, skills and the general improvement of the usually very complex postgraduate supervisor versus student relationships at universities.

# Waardevolle naslaanwerk oor eilandekosisteme

**Chown, Steven L. & Froneman, Pierre W.,** ***eds.*** 2008**. The Prince Edward Islands: land-sea interactions in a changing ecosystem.** Stellenbosch: African Sun Media. 490 p. Price: R300,00. ISBN: 978-1-920109-85-1.

**Resensent**: L. du Preez
Departement Dierkunde, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Suid-Afrika se betrokkenheid by die Prins Edwardeilande oor dekades heen is alombekend. Veral Marioneiland het min bekendstelling nodig. Oor die afgelope ses dekades het tientalle Suid-Afrikaanse navorsingspanne 'n fenomenale hoeveelheid inligting oor mariene- en eiland-ekosisteme op hierdie eilande versamel.

Onder die leiding van professore Steven Chown (direkteur, DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie, Universiteit Stellenbosch) en William Froneman (direkteur, Suidelike Oseaan Navorsingsgroep, Rhodes Universiteit) het 'n span deskundiges saamgewerk en hierdie inligting saamgevat in veertien hoofstukke om 'n lywige boek getiteld *The Prince Edward Islands – land-sea interactions in a changing ecosystem* daar te stel.

Die eerste hoofstuk verwys na die vroeë baanbrekerswerk wat hier uitgevoer is en plaas die eilande in 'n globale konteks. Vervolgens word die oseanografiese eienskappe van die mariene omgewing om die eilande hanteer, gevolg deur 'n hoofstuk oor klimaat en klimaatsveranderinge. Die belang van die navorsing wat hier gedoen word, is duidelik van groot belang vir suidelike Afrika. Die geologie en geomorfologie word bespreek asook die biologie in 'n oseanografiese omgewing. In die afdeling oor pelagiese predatore word die voorkoms, verspreiding, fenologie, dieet, voedingswyses, migrasie, populasieveranderings asook die invloed van die mens op pelagiese predatore bespreek. Vervolgens handel twee hoofstukke oor beskikbare voedingstowwe en die produksie daarvan. Terrestriële biotiese sisteme, plantdiversiteit en -aanpassings word ook in besonderhede bespreek. Biogeografie en bewaringsbiologie word uitgelig as kardinale komponente vir die voortbestaan van die eiland-ekosisteme. Hierop volg 'n boeiende geskiedkundige hoofstuk oor die

mens en die Prins Edwardeilande. In die vroeë dae was lewe op die eilande alles behalwe maklik. Robbe is gejag en sommige van die jagspanne is tot so lank as twee jaar op die eiland gelaat. Wanneer hulle voorrade uitgeput was, moes hulle op voëleiers en tonge van robbe en veral see-olifante oorleef. Die eilande is verder bekend vir die indringersoogdiere wat per abuis en ander met opset, op die eiland gevestig is. Hieruit is waardevolle lesse in biologiese beheer geleer. ’n Samevatting deur die twee redakteurs word gevolg deur twaalf uiters waardevolle byvoegsels in die vorm van spesielyste van biota wat met die eilande geassosieer word. Dit sluit in diatome, mosse, vaatplante, ligene, varswaterinvertebrate, terrestriese invertebrate, mariene plankton, mariene bentiese organismes, mariene visse, voëls en soogdiere. Die boek sluit af met ’n seleksie van figure en foto’s.

Hierdie boek is ’n akademiese werk en beslis nie ’n Sondagmiddagstorieboek vir ontspanning nie. Dit bied ’n volledige oorsig en sintese van wetenskaplike inligting rakende alle aspekte van klimaat, ekologie en biodiversiteit van die eilande. Dit kan dien as ’n waardevolle naslaanwerk vir almal wat op eiland-ekosisteme fokus en veral op omgewingsveranderings in ’n ekosisteem wat deur land-see interaksies gedomineer word.

# Deur trauma na die lig

**Maartens, Maretha, *samest*.** 2006. **Deur trauma, boek 5.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 312 p. Prys: R100,00. ISBN: 978-07993-3587-8.

**Resensent**: J-A. van den Berg
Departement Praktiese Teologie,
Universiteit van die Vrystaat

Die titel van hierdie boek, *Deur trauma*, dui betekenisvol daarop dat deur verantwoordelik te navigeer, die getraumatiseerde progressief kan beweeg van versmorende donker lewensruimtes tot ’n nuwe uitsig waarin die kleur van donker, lig is. Die boodskap van die boek is egter ook waarskuwend, naamlik dat deur ’n oneffektiewe baklei teen hierdie duisternis, trauma lewendig gehou kan word.

Met die publisering van hierdie boek, die vyfde boek in die *Deur trauma*-reeks, doen Maretha Maartens as samesteller die leserspubliek weereens ’n guns. Aan die hand van ses hoofstukke word

die leser deur kundiges vanuit vier dissiplines begelei om nuwe betekenishorisonne te vind in die ervaring van trauma. Die 26 medewerkers bied mediese, sielkundige, regs- en teologiese perspektiewe wat die leser verantwoordbaar begelei om nuwe koördinate te vind aan die hand waarvan 'n nuwe lewensoriëntasie gekarteer kan word. In die eerste hoofstuk bied 'n aantal sielkundiges 'n algemene en inleidende oorsig oor trauma. Traumaterreine wat voortspruitend hieruit verken word, is onder meer die trauma van gestremdheid en fisieke verlamming (Hoofstuk 2), die trauma van gemoeds- en persoonlikheidsversteuring (Hoofstuk 3) en die trauma van veroudering, verswakking en sterflikheid (Hoofstuk 4). Aan die einde van die hoofstukke word 'n uitgebreide databasis vir verdere toepaslike inligting oor enkele van die traumatemas gebied. Van verdere leesstof op die internet en boeke tot films en adresse met kontakinligting word aan die leser gebied wat graag verdere inligting benodig. Sommige van die inligting mag egter vir die kieskeurige leser as onnodig herhalend voorkom. Daar sou byvoorbeeld gevra kon word waarom dit nodig is om 'n volledige bibliografie (p. 224-238) te plaas as dit reeds op die internet beskikbaar is?

In Hoofstuk 5 word die landskap van die sielkundeberoep in Suid-Afrika besoek. Algemene vrae oor terapeute en benaderings, toetse en medikasie word met verantwoordbare perspektiewe beantwoord. In die laaste hoofstuk word 'n gesig aan die kundige medewerkers gebied wanneer hulle op 'n persoonlike wyse aan die leser bekendgestel word.

Persoonlike vertellings van persone wat self deur een van die traumabeelde geaffekteer is, bied integriteit aan die boek, wat die leser laat besef dat die perspektiewe nie net op teoretiese vlak is nie. Die verantwoordelike integrering van teorie en praktyk lei daartoe dat nuttige en verantwoordbare perspektiewe aan bod gestel kan word om die reis deur die skemerland van trauma te verhelder.

Die boek is redaksioneel netjies versorg en die teks word verder deur betekenisvolle aanhalings verryk. Ek beveel graag die boek aan vir almal wat geaffekteer word deur een van die bespreekte traumabeelde. Professionele en sogenaamde lekehulpverleners mag ook betekenisvolle perspektiewe uit die gesigspunte in die boek verkry. Die samesteller moet gelukgewens word in die poging om professionele perspektiewe op so 'n wyse aan te bied dat dit toeganklik vir die algemene leser is.

# ’n Merkwaardige verhaal

**Le Roux, Mariël.** 2007. **Wilhelmina: kampkind op Java.** Pretoria: Protea Boekhuis. 277 p. Prys: R140,00. ISBN: 978-1-86919-162-7.

**Resensent**: R. Groenewald
Departement Historiese en Erfenisstudies,
Universiteit van Pretoria

In romans en films soos *A town like Alice* (N. Shutte), *Empire of the sun* (J.G. Ballard) en *Paradise road* word die harde werklikheid van die lewe in Japannese gevangeniskampe tydens die Tweede Wêreldoorlog uitgelig. *Wilhelmina, kampkind op Java*, uitgegee deur Protea Boekhuis, is ’n merkwaardige bydrae tot hierdie genre.

Hierdie boek is soveel meer as net ’n weergawe van kamplewe tydens die oorlog. Dit is die (outo)biografie van ’n jong kind wat in ’n kort tydperk deur die oorlog tot volwassene gedwing word; maar dit is ook die verhaal van ’n familie wat deur omstandighede ontwortel en uiteindelik uitmekaargedryf word.

Dit is die verhaal van die twee gesigte van oorlog: die smart en ellende, die lewens wat fisies en geestelik verwoes word, maar ook die samehorigheid, mededeelsaamheid en ondersteuning van vreemdelinge wat uiteindelik lewenslange vriende word te midde van al die chaos.

Dit is bowenal ook ’n verhaal van die onblusbaarheid van die menslike gees wat verby die ondraaglike ellende kan kyk en vreugde in die klein dingetjies van die lewe kan vind.

Die trefkrag van die boek word verhoog deur die wyse waarop dit vertel word. Die taalgebruik is eenvoudig en die skrywer poog nie om met die gebruik van beskrywende woorde sekere emosies by die leser te wek nie. Die verhaal is op sigself van so ’n aard dat dit enige persoon diep sal raak. Met die sinskonstruksie en die keuse van woorde, slaag Mariël le Roux daarin om aan die leser oor te dra dat hierdie verhaal ’n mondelinge mededeling van die ervaring en leefwêreld van ’n jong meisie is.

Die vertelling is baie gedetailleerd, wat dit vir die leser moontlik maak om ’n baie duidelike beeld van die omstandighede te skep. Dit bring die leser egter ook tot die besef van die impak wat die gebeure

op Wilhelmina se lewe gehad het, sodat dit na soveel jare nog baie diep in haar geheue ingeëts is.

Die boek is in tien dele verdeel wat deur Wilhelmina die kind vertel word, afgewissel met dele waar Wilhelmina die volwasse vrou terugkyk op haar lewe. Tipografies word onderskeid getref deur die dele van die volwassene in kursief te plaas.

In die eerste deel ontmoet die leser die Van Halewijn-familie in 1938 net buite Amsterdam waar hulle weens die ekonomiese depressie hulle vaderland moet verlaat. Wilhelmina se vader vertrek na Galatz, Roemenië, om as skeepsbouer te werk en hy moet sy vrou, tienjarige Wilhelmina, sesjarige Fredy en pasgebore Tineke agterlaat. Kort nadat die familie by hom aansluit, breek die Tweede Wêreldoorlog in Europe uit en die familie word met nuwe gevare gekonfronteer. Hulle ervaar die oorlog eerstehands en kom tot die besef dat diegene wat jy die meeste vertrou, jou medelandgenote, dikwels dié is wat jou sal verraai. Die familie moet in die middernagtelike ure uit hulle huis vlug en vertrek per boot na Java.

Hulle nuwe lewe in die tropiese Soerabaja, ’n “lou-warm hel” soos haar pa dit noem, word in deel twee uiteengesit. Wilhelmina se hoop op ’n vreedsame familielewe word vernietig as die die Japanse lugmag Pearl harbour aanval, die VSA tot die oorlog toetree en haar pa vir oorlog opgeroep word.

Die wyse waarop die oorlog hulle lewens stelselmatig binnedring word in die derde deel vertel. Na Japannese lugaanvalle word die eiland deur die “flapkeppe”, soos hulle die Japannese soldate noem, beset. Die soldate dring die woonbuurte binne en veral jong meisies se lewens word nou op ’n ander wyse bedreig.

In die vierde deel word die strop van die oorlog nouer getrek. Wilhelmina verhuis met haar moeder en sussies na “De Wijk”, ’n omheinde woonbuurt waar hulle hoop op ’n veiliger bestaan. Hierdie veilige bestaan is egter net ’n voorsmakie van wat hulle in die gevangenekampe te wagte sou wees: beknopte woonkwartiere waar twee tot drie families ’n tweeslaapkamerhuis moes deel, beperkte kosvoorrade en geen lopende water nie. Ten spyte van hierdie ontberings vind hulle vertroosting in familie en vriende wat saam die lief en leed deel.

Deel vyf is die langste deel van die verhaal en handel oor hulle lewe in die Gedangen-gevangeniskamp. Hierdie voormalige klooster sou vir feitlik twee jaar hulle hel wees. Naas die fisiese ontberings van

die warm klimaat, die ure wat hulle in die warm son moes aantree, die harde werk wat almal in die kamp moes verrig, die gebrek aan kos en die nodige mediese sorg teen gevreesde siektes soos malaria en geelsug, was daar ook die emosionele aftakeling: mense wat daagliks gesterf het en soms uit wanhoop selfmoord gepleeg het, die vrees vir die vyand vir wie hulle lewens geen waarde gehad het nie en ook medekampbewoners wat nie sou huiwer om hulle landgenote vir ’n koppie suiker te verraai nie.

Die einde van die oorlog sou kortstondige vreugde bring. Die Javane wreek hulle teen hulle voormalige koloniale heersers, en mense word op groot skaal uitgemoor. Die herontmoeting met hulle vader was ook vir die familie ’n teleurstelling, nie net omdat hy die oorlog feitlik ongedeerd en in veiligheid in Suid-Afrika deurgebring het nie, maar ook die besef dat hy ’n nuwe lewe sonder hulle begin het. Die terugkeer na Nederland, die droom wat in die kampe hulle hoop aan die lewe gehou het, is ’n ontnugtering en hulle besef dat hulle vreemdelinge, en tot ’n mate onwelkom, in hulle eie vaderland is. Die hoop op ’n nuwe begin in Suid-Afrika verdwyn vir Wilhelmina as haar ouers se huwelik verbrokkel.

Ten spyte van die geweldige ontberings wat die familie moes deurmaak, is die Van Harlewijns se verhaal nie dié van wanhoop nie. ’n Mens kan nie anders nie as om met verwondering vervul te word vir die innerlike krag van Wilhelmina se ma en die drie dogters wat, ten spyte daarvan dat hulle herhaaldelik platgeslaan is, weer opgestaan het en telkens sin in die lewe gevind het. Voorwaar ’n merkwaardige verhaal.

# Boekaankondiging

## Spanning tussen Christendom en die Islam

**Boer, Jan H.** 2003-2008. **Studies in Christian-Muslim relations. Vol. 1-6.** Bellville, Ontario: Essence Publications.

**Aankondiger**: B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie, Potchefstroomkampus,
Noordwes Universiteit

Aangesien hierdie reeks boeke ('n sewende deel is in voorbereiding) so aktueel is, word die voorlopige titels van die ses dele aangekondig met die bedoeling dat hulle op 'n latere stadium geresenseer sal word. Die skrywer is 'n reformatoriese denker wat 30 jaar in Nigerië as dosent en in ander hoedanighede werksaam was. Hy het die dikwels gewelddadige konflik in dié Wes-Afrikaanse land eerstehands meegemaak en kon primêre bronne vir sy studie gebruik.

1. Boer, Jan H. 2003. Nigeria's decades of blood. 155 p.
   ISBN: 1-55306-581-6; ISBN: 1-55306-593-2 (LSI ed.).

2. Boer, Jan H. 2004. Muslims: why the violence? 193 p.
   ISBN: 1-55306-719-3; ISBN: 1-55306-721-5 (LSI ed.).

3. Boer, Jan H. 2004. Christians: why this Muslim violence? 324 p.
   ISBN: 1-55306-727-4; ISBN: 1-55306-729-0 (LSI ed.).

4. Boer, Jan H. 2005. Muslims: why we reject secularism. 265 p.
   ISBN: 1-55306-942-0; ISBN: 1-55306-944-7 (LSI ed.).

5. Boer, Jan H. 2006. Christians: secularism – yes and no. 285 p.
   ISBN:-1-55306-961-7; ISBN: 1-55306-963-3 (LSI ed.).

6. Boer, Jan H. 2007. Muslims: why Muslim sharia law? 393 p.
   ISBN: 978-1-55452-060-2; ISBN: 978-1-55452-061-4 (LSI ed.).

7. Boer, Jan H. 2008. Christians: why we reject Muslim law. 517 p.
   ISBN: 978-1-55452-216-3; ISBN: 978-1-55452-217-0 (LSI ed.).

Vir meer besonderhede kan die skrywer of die uitgewer gekontak word by: boerjf@hotmail.com of www.socialtheology.com of Essence Publishing, 20 Hanna Court, Belleville, Ontario, Canada K8P5J2; info@essence-publishing.com of www.essence-publishing.com

Die ses dele is ook op CD by die skrywer beskikbaar.